ERFENIS STIGTING
STELLENBOSCH
HERITAGE FOUNDATION

Nuusbrief, Eerste kwartaal 2013

Erfenisopname vir Stellenbosch se middedorp

Stellenbosch Erfenis Stigting het pas die eerste fase van ‘n omvattende erfenisopname in Stellenbosch voltooi. Onder die 480 bewaringswaardige eiendomme in die historiese kern van die dorp word vyf as Graad I aanbeveel en 53 as Graad II. Dié voorgestelde graderings, deur prof. Matilda Burden en dr. Hans Fransen, moet nou deur Erfenis Wes-Kaap bevestig word.
Kliek hier vir die vyf Graad I entiteite en vir inligting oor die opname.

Sustainable Stellenbosch: Opening Dialogues

‘n Uitstekende, insiggewende oorsig oor Stellenbosch is einde verlede jaar gepubliseer. *Sustainable Stellenbosch – Opening Dialogues* bevat bydraes van sowat 50 skrywers met ‘n verbintenis aan die Universiteit van Stellenbosch. In dié boek het hul oor vakdissiplines heen saamgewerk om sin te maak van die plek Stellenbosch. Nuwe denke oor ruimtelike beplanning, ekonomiese ontwikkeling, ingenieursdienste, water, vervoer, landbou, erfenis, armoede, gesondheidsdienste, opvoeding en talle ander onderwerpe vorm in die boek ‘n deurlopende gesprek oor Stellenbosch en die mense wat hier woon en werk. Dit is ‘n waardevolle boek, onontbeerlik vir elkeen wat wil saampraat oor die dorp en sy toekoms. Kliek hier vir meer inligting en om uittreksels uit die boek te lees.

Khayamandi

In`n brand in die nag van 14-15 Maart in Khayamandi is een mens dood en meer as `n duisend plakkershuise verwoes. Nooddienste het pas met bystand begin toe party inwoners al begin opruim en herbou. Talle strukture is binne dae herbou. Dié feite weerspieël egter groot teenspoed en ontbering.
As mense en medebewoners in Stellenbosch is lede van die Stigting se uitvoerende komitee jare al in Khayamandi betrokke. As `n komitee wat ook betrokke is by kwessies rondom beplanning in Stellenbosch glo ons daar is kernvrae wat bespreek moet word om soortgelyke rampe in die toekoms te voorkom. Onder meer: Hoe moet informele nedersettings in Stellenbosch bevorder word? Wat is die beste vorm of plan daarvoor? Watter proses of prosesse moet bevorder word? Lees meer.

Ontwerphoofstad 2014

Twee Stellenbossers, Alayne Reesberg en Ben-Carl Havemann, is diep betrokke by die inisiatief om Kaapstad as die wêreld-ontwerphoofstad van 2014 te bemark. Dié inisiatief sluit Stellenbosch in. Lees meer.

Meulplein, Rynse Kompleks en die Braak

Die Rynse kompleks is moontlik die mees verwaarloosde en ook die mees onderbenutte historiese erfenis in Stellenbosch. Lees oor die opwindende potensiaal van dié ruimtes vir die dorp.

Die 'Urban Village' – mite of moontlikheid?

Navorsers het in Groot Brittanje gekyk na 55 ontwikkelings wat as 'urban villages' bemark word. Hieruit het hulle drie bestudeer, in terme van die fisieke, sosiale en ekonomiese eienskappe van die gemeenskappe wat daar woon.
Lees meer oor hul interessante gevolgtrekking dat die begrip 'urban village' meestal in beplannings terminologie bestaan, en nog nie onder 'gewone' burgers nie.

Erfenis Wes-Kaap besin oor professionele standaarde

Erfenis Wes-Kaap vra kommentaar aan op 'n voorstel oor die instel van professionele standaarde by projekte waar hulle insae het. Volgens die voorstel sal kwalifikasies, ervaring en die aard van die projek gesamentlik en afsonderlik 'n rol speel in die standaarde wat deur die raad op 'n projek van gestel kan word. Erfenis Wes-Kaap wil ook 'n persoon of persone kan afkeur as hulle vir 'n bepaalde projek nie voldoende toegerus is nie. Lees verder.

Toyo Ito: Pritzker-prys

Vanjaar se Pritzker-prys, argitektuur se ekwivalent van die Nobel-prys, is aan Toyo Ito toegeken. Kliek hier vir meer inligting en om foto's van sy werk te sien.

Argitektuur by die Serpentine-galery

Die argitektuur-paviljoen by die Serpentine in Hyde Park, Londen, is jare lank al 'n interessante indeks van goeie argitektuur. Rekenaarvoorstellings van hierdie somer se argitektuur is onlangs uitgereik. Die Japanse argitek, Sou Fujimoto, se ontwerpe word geïnspireer "deur organiese strukture, soos die woud, die nes en die grot".
Lees meer van van Fujimoto se beplande paviljoen, asook hoe Londen lyk van uit dié stad se pas voltooide hoogste gebou.

Opvoedkundige projek en skole

Die Stigting het 'n opvoedkundige projek waarin leerlinge en studente betrek word. Ons probeer om die begrip erfenis vir 'n nuwe geslag nuut en relevant te maak. Ons skakel vanjaar met laerskole en hoërskole in die omgewing om inligting te verskaf en om hulp aan te bied met skoolprojekte of take wat met erfenis te doen het. Ons wil 'n lang verbintenis met skole bou en bewustheid skep dat erfenis vars en lewendig kan wees, en deel van elke dag se ervaring van die plek waar ons woon en werk. Skryf aan Jolanda Morkel (morkelj@cput.ac.za) as u met dié projek wil help.

Volg gerus ook die gesprekke op Facebook.